

COVID-19 GEMEENTEVERKLARING

Daar is seker nie een onder ons wat nie bewus is van die algemene noodtoestand wat Sondag deur die president afkondig is nie. Die vrees vir die verspreiding van die koronavirus, COVID-19, is die hoofrede daarvoor.

Die NG Kerk het geluister na al die maatreëls en versoeke wat van die president, en die minister van gesondheid, aan die burgers van die land gerig is. Die Dagbesture van die Algemene Sinode sowel as die Noordelike Sinode het reeds besluite geneem en gemeentes gevra om dié versoeke en maatreëls te eerbiedig.

Pierneef Gemeente skaar onself aan die kant van elkeen wat deur COVID-19 geraak word. Ons wil graag deel wees van die oplossing in die bekamping van die virus in ons gemeenskap en ons wil aanhou om met oop arms te leef in 'n tyd wat die teenoorgestelde van ons vra.

Ons onderstreep die volgende beginsels:

- Alhoewel ons sekere fisieke maatreëls in plek stel, wil ons mense aanmoedig om op kreatiewe maniere nader te beweeg aan mekaar en nie mekaar te isoleer of moontlike slagoffers van die Corona-virus te verwerp nie.
- Verder wil ons mense aanmoedig om nie met 'n gesindheid van vrees te leef en dit onnodiglik te versprei nie, maar eerder met 'n gesindheid van ontferming en verantwoordelikheid. Ons wil gemeentede afraai om nie elke brokkie nuus onkrities aan te stuur nie, maar eers die bronne daarvan behoorlik te verifieer.
- Ons wil gemeentede aanmoedig om in hierdie tyd besonder sensitief te wees teenoor mense wat ekonomies weerloos is, beide in ons huishoudings en ons besighede. Ons wil mense daarom aanmoedig om verantwoordelik teenoor werknemers en ander afhanklikes op te tree en medemenslik te wees deur salarisse en werksveiligheid te verseker en om voor te berei dat sekere maatreëls dalk langer mag duur as wat ons verwag.

- Ons eie gemak en belange gaan in hierdie tyd tweede moet kom en dié van ons medemens eerste. Indien jy massa-aankope gedoen het, oorweeg dit asb om te hoor of jou naaste dalk iets nodig het.
- Gemeentelede word aangemoedig om die rasionele voorgeskrewe maatreëls rakende gereëelde handewas, sosiale distansiëring en redelike logiese vermyding van groot groepe sover moontlik na te kom.

Hoe kan ons bogenoemde die beste doen?

Die volgende is belangrik:

Ons is aan diens. Die kerk is nie toe nie. Dit is net die saamwees van mense in groepe wat nie kan plaasvind nie.

1. Oggend eredienste vir 22 en 29 Maart en 5 April word afgestel. Al drie hierdie preekboodskappe sal wel opgeneem word en die skakel sal digitaal beskikbaar gemaak word via die volgende wyses:
 - a. 'n Gemeentelike WhatsApp-groep (adminbeheerd) wat spesifiek vir hierdie doel aangewend sal word. Stuur asb jou naam en telefoonnommer aan 0768411568, daar sal 'n "link" vir jou aangestuur word. Om by die groep aan te sluit, "click" net op die "link".
 - b. E-posse. Indien jy die preke per e-pos wil ontvang, stuur asb jou e-posadres en naam na die bogenoemde nommer.
 - c. Facebook (ons profiel is "Pierneef Gemeente", sluit gerus aan).
 - d. Indien jy nie toegang tot die internet het nie en graag die preke wil hê, kan ons 'n harde kopie vir jou stuur.
 - e. Webwerf. Al die inligting sal ook beskikbaar gemaak word op: www.ngkpierneef.co.za.

Maak dus asb seker dat die kantoor jou korrekte inligting het.

Kleingroepmateriaal sal in hierdie tyd beskikbaar gemaak word. Kleingroepe en gesinne word veral aangemoedig om hiervan in Huisgodsdienst-formaat gebruik te maak.

2. Die kerkkantoor sal steeds oop wees vir noodgevalle. Steve Swart en ds Paullet Grobler sal telefonies of per e-pos beskikbaar wees.
3. Gemeentelike byeenkomste sluit in elk geval hierdie week vir die skoolvakansie, maar indien jy wel jouself in die komende tyd by die kerkgebou/kantoor/saal bevind, word jy aangeraai om van die handeseep in die badkamers gebruik te maak.
4. Daar sal nader aan Paastyd verdere kommunikasie plaasvind oor hoe ons Paasfees op 'n kreatiewe manier gaan inrig. Ons is besig om te dink aan maniere om steeds in hierdie tyd as geloofsgemeenskap te aanbid en aan mekaar ondersteuning te bied.
5. Hierdie tyd het ook 'n finansiële implikasie op die gemeente se dankoffers en ons versoek die gemeente om steeds hulle bydraes in hierdie tyd via EFT te doen. Verseëelde koeverte kan ook by die kantoor afgelaai word.
Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845.
6. Ds Paullet Grobler sal steeds telefonies beskikbaar wees (0768411568) en sal help waar sy kan. Gemeentelede word aangemoedig om in hierdie tyd mekaar ook met liefde en genade en Jesus se voorbeeld en gesindheid te bedien.

Ons hou ons oor op die grond. Indien daar vooraf enige verbetering in die situasie is, sodat ons ons normale aktiwiteite kan voortsit, sal dadelik laat weet.

Mag elkeen van ons ervaar hoe daar in hierdie vreemde tye unieke gawes en geleenthede na ons kant kom om in Jesus se voetspore te loop oral waar ons is. Mag ons veral diep bewus wees van Sy hoop, deernis en liefde wat in ons leef en mag ons aanhou om dit met oop arms na almal uit te leef.

Dit is lydenstyd. 'n Meer gepaste tyd om aan ons broosheid te dink, kan daar nie wees nie. Laat die verhoudinge in jou klein kring groei. Maak moeite met jou binneste.

Oop-arm groete

Die Kerkraad van NG Pierneef